

2 September

Die wins van die dood

Skrifgedeelte: Filippense 1:18b-26

Fokusgedeelte: Filippense 1:20-21

Die winsmotief dryf die hele wêreld se ekonomie! Elke winkel of besigheid, hoe groot of klein, het sy voortbestaan te danke aan een enkele motief – wins. Wins is in die ekonomie 'n baie positiewe begrip – dit is die dryfkrag van elke besigheid!

Paulus sluit by hierdie eeue-oue winsmotief aan om die grootste wins, wat moontlik is, vir ons duidelik te maak. Hy gebruik baie sterk woorde: vurige verlange; niks doen waaroor ek my hoof te skaam nie; met alle vrymoedigheid deur my hele lewe Christus verheerlik in lewe en sterwe.

'n Gelowige leef nie net in hierdie lewe nie. Nee, jy leef voort in sterwe. Christus leer dat 'n gelowige lewe, al het hy ook gesterwe (Joh 11: 21). Ons bely in Sondag 1 van die Kategismus dat ons enigste troos juis is dat ons in lewe en in sterwe aan ons Saligmaker, Jesus Christus, behoort! Die dood bring 'n einde aan die aardse lewe, maar is die begin van die eintlike lewe! Die dood is net 'n deur vanuit hierdie lewe die Ewige Lewe in: Daarom kan Paulus sê dat die lewe Christus is en die sterwe wins.

Die positiewe van die dood is dan juis dat ons dan voluit by Christus is. Ons hoop word werklikheid. Ons geloof word volmaak sigbaar.

In teenstelling met aardse wins, hoe positief ook al, het die wins van die dood ewigheidsbetekenis. Om saam met Christus te wees, is verreweg die beste (vs 23)! Daar is vir jou geen verlies in die dood nie. Al voel dit so as jy daaraan dink dat jy geliefdes, dierbares moet agterlaat. Dit voel asof jy alleen in die doodsdal, diep en donker, is. Dan steeds hoef jy nie bang te wees nie. Christus het vir jou die dood oorwin! Dit is vir jou 'n wins!

Bang vir die dood? Jy hoef nie. Omdat jy glo, is ook jou dood vir jou goed, positief, 'n wins!

Sing: Psalm 23:1 en 2

Ds. Willem Vogel (Cachet)